

## IN SPORE [6] – LAAT JOU LEWE AANBID

### In Spore...

- Jy is vry
- Jy is connected
- Jy het 'n nuwe identiteit
- Genade sal nie opraak nie
- Jy kan dit leef
- VANDAG: Laat jou lewe aanbid

### Johannes 4

- **1** Jesus het uitgevind dat die Fariseërs gehoor het dat Hy meer dissipels werf en doop as Johannes. Daarom is Hy weer van Judea af terug Galilea toe.
- **2** (Jesus het nie eintlik self gedoop nie, maar sy dissipels.)
- **3** Dus het Hy Judea verlaat en weer na Galilea toe vertrek.
- **4** Hy moes deur Samaria reis.
- **5** Hy kom toe in 'n dorp in Samaria wat Siger genoem word. Dit was naby die stuk grond wat Jakob aan sy seun Josef gegee het.
- **6** Die put van Jakob was daar geleë. Jesus het toe, omdat Hy regtig uitgeput was van die reis, somer by die put gaan sit. Dit was omtrent twaalfuur die middag.
- **7** 'n Samaritaanse vrou kom toe daar aan om water te skep. Jesus vra haar toe: "Gee vir My asseblief water om te drink."
- **8** Sy dissipels was toe nog in die dorp om kos te gaan koop.
- **9** Die Samaritaanse vrou sê toe vir Hom: "Hoe op aarde vra jy wat 'n Jood is, van my wat 'n Samaritaanse vrou is, water om te drink?" Jode wou immers niks met Samaritane te doen hê nie.
- **10** Jesus het daarop reageer: "As jy maar net hierdie gawe van God vir jou geken het, en geweet het wie dit is wat vir jou vra: 'Gee vir My water om te drink,' sou jy Hom gevra het en Hy sou vir jou lewende water gegee het."
- **11** Die vrou sê vir Jesus: "Meneer, jy het nie eers 'n skeping nie, en die put is diép. Van waar kry jy dié lewende water?"
- **12** Jy is beslis nie belangriker as ons vader Jakob wat hierdie put vir ons gegee het en self saam met sy seuns en sy diere daaruit gedrink het nie."
- **13** Jesus antwoord haar: "Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors word.
- **14** Wie egter van die water drink wat ek hom gee, sal nimmer as te nooit weer dors word nie. Die water wat Ek vir hom sal gee, sal 'n fontein in hom word waarvan die water vir altyd sal bly opborrel."
- **15** Die vrou sê toe vir Hom: "Meneer, gee my van hierdie water sodat ek nie weer dors word en hierheen hoef te kom om water te skep nie."
- **16** Hy sê vir haar: "Gaan roep jou man en kom dan terug hiernatoe."
- **17** Die vrou het dadelik gereageer: "Ek het nie 'n man nie." Jesus beaam dit toe: "Jy het tereg gesê: 'Ek het nie 'n man nie.'
- **18** want jy het reeds vyf mans gehad en die een wat jy nou het, is eintlik nie jou man nie. Dit wat jy nou gesê het, is die waarheid.
- **19** Die vrou sê vir Hom: Meneer, ek sien dat u 'n profeet is.
- **20** Ons voorouers het op hierdie berg aanbid, maar julle sê die plek waar 'n mens moet aanbid, is in Jerusalem."
- **21** Jesus merk toe op: "Glo My, Vrou, daar kom 'n tyd wanneer julle die Vader nie op hierdie berg en ook nie in Jerusalem sal aanbid nie.
- **22** Julle aanbid wat julle nie ken nie; ons aanbid wat ons ken, want die verlossing is uit die geledere van die Jode
- **23** Daar kom egter 'n tyd, en dit het reeds aangebreek, wanneer die egte aanbidders die Vader vanuit 'n hegte verhouding met die Gees en waarheid sal aanbid, want die Vader verkies dat die mense Hom só aanbid.
- **24** God is Gees, en die wat Hom aanbid, moet Hom vanuit 'n hegte verhouding met die Gees en in waarheid aanbid."
- **25** Die vrou sê vir Jesus: "Ek weet dat die Messias kom, Hy wat die Christus denoem word. Wanneer Hy ook al kom, sal Hy ons oor alles inlig.
- **26** Toe sê Jesus vir haar: "Ek is hy – Ek wat nou met jou praat!"

## **WAT SIEN JY?**

... soos op die aarde... so in die hemel

### **Soos in die hemel...**

- Regverdig
- Tyd - Elke oomblik! (1 Kor. 10:31)
- Plek - JY is God se huis! (1 Kor. 6:19)
- **Ps. 150:6 (Amp)** *Let everything that has breath and every breath of life praise the Lord!*

### **GAWE VAN GENADE**

- God is hier
- Kom soos jy is
- Hy verwerp nie – Hy beïndruk
- Hy los jou nie soos jy is nie, Hy verander jou
- Laat jou lewe aanbid – in Gees en in waarheid!!!

*God is always seeking you.*

*Every sunset, every clear blue sky,*

*Every ocean wave, the starry host of night.*

*He blankets each day with the invitation,*

*"I am here."*

- Louis Giglio

### **MEMORISEERVERS:**

**JOH 4:23-24 [NLV]** – “DAAR KOM EGTER ‘N TYD, EN DIT HET REEDS AANGEBREEK, WANNEER DIE EGTE AANBIDDERS DIE VADER IN GEES EN WAARHEID SAL AANBID, WANT DIE VADER VERKIES DAT DIE MENSE HOM SO AANBID. GOD IS GEES, EN DIE WAT HOM AANBID, MOET HOM IN ‘N HEGTE VERHOUDING MET DIE GEES EN IN WAARHEID AANBID.”